het albei kante saamgewerk om vrede te maak. Toe kon Gandhi sy vas verbreek. Maar nie almal was gelukkig met die vredesplan nie.

Op 30 Januarie 1948 was die 78-jarige Gandhi op pad na 'n gebedsbyeenkoms toe 'n jong Hindoe-man met die naam Nathuram Godse voor hom gestop en gekniel het. Gandhi het terug gebuig en toe skiet Godse hom drie maal. Gandhi het reeds vyf ander sluipmoordpogings oorleef, maar dié keer het hy gesterf.



Gandhi se begrafnisoptog.

## Aktiwiteit

1. Voltooi hierdie sinne. Rangskik hulle dan in die regte volgorde.
   - Hy is in _____ om die lewe gebring.
   - Toe hy 19 was, het hy in die _____ in Londen gaan studeer.
   - Gandhi is gebore op _____.
   - Hy het as 'n prokureur in Indië gewerk en toe het hy na _______ gegaan.
   - Gandhi het in 1915 na _____ teruggekeer.
   - Toe hy 13 jaar oud was, het hy _____ .
   - Hy het vir ______ jaar in Suid-Afrika gewoon.
   - Terug in Indië het hy teen ________ oorheersing gewerk.
2. Gebruik jou eie woorde om te verduidelik wat *Satyagraha* is.